

BOEDAPEST, WENE EN SALZBURG met PASSIESPEL TOERPROGRAM 16 – 28 Julie 2022

Julie

Sa 16 JOHANNESBURG – FRANKFURT

Toerlede meld om **16:00** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** aan vir **Vlug LH 573** wat om **19:00** na **Frankfurt** vertrek.

So 17 FRANKFURT – BOEDAPEST

Aankoms om **05:35** in **Frankfurt**, van waar ons groep om **08:50** ons aansluitingsvlug na **Boedapest** neem.

Daar word dikwels na Boedapest verwys as "die Parys van die Ooste". Grasieus uitgesprei aan weerskante van die Donau vorm dié stad een van die skouspelagtigste panoramas wat Europa kan bied. Die heuwelagtige Boeda aan die regteroewer, afgeëts teen die blou lug; die bedrywige Pest met indrukwekkende antieke geboue; die pragtige Margarethe-eiland, met goed versorgde tuine en parke, in die middel van die Donau; en die argitektonies imponerende brûe wat die Donau oorspan laat alles onvergeetlike indrukke op besoekers.

Na 'n kort oriënteringsrit gaan ons na ons hotel in Boeda vir aandete en oornag.

Ma 18 BOEDAPEST

Ná ontbyt vertrek ons op 'n besigtigingstoer van hierdie opwindende stad. Aan die Boeda-kant besoek ons die historiese Matthias-kerk met die ruitersstandbeeld van die eerste Hongaarse koning, die enorme Boedavari Palota (koninklike paleis) en die beroemde Vissermansbastion. Wanneer ons bo van die heuwel af oor die stad kyk, bied dit 'n onvergeetlike panoramiese uitsig.

Ons besoek ook die oorkantste oewer waar Pest geleë is. Die sierlike Neo-Gotiese Parlementsgebou met 'n 96 m hoë koepel lok vele besoekers en 'n besoek aan die indrukwekkende Millenium-monument, ook bekend as die Heldeplein, is 'n besondere belewenis.

Vanmiddag het ons kans vir inkopies of die geleentheid om Hongaarse lekkernye by een van die straatkafees te geniet. Daar is ook geleentheid om 'n groot binnenshuise mark, met 'n magdom Hongaarse handwerk-aandenkings, te besoek.

Vanaand onderneem ons 'n unieke bootvaart op die Donau, waar ons Boedapest in volle glorie verlig kan sien en aandete in dié besondere atmosfeer nuttig. Oornag by hotel.

Di 19 BOEDAPEST – WENE

Ná 'n heerlike ontbyt vertrek ons op 'n interessante roete deur die Hongaarse platteland. Ons besoek die skilderagtige dorpie, **Szentendre**. Hier is talle stalletjies met pragtige Hongaarse handwerk en klere teen billike pryse. Daarna volg ons die *Royal Danube Bend*-roete – 'n besondere gebied waar die prag van natuurskoon met die bekoring van kultuur uit die vroegste tye saamsmelt. Hierna gaan ons Oostenryk binne.

"Wien, Wien, nur du allein sollst stets die Stad meiner Träume sein ...". Dis só waar – **Wene** al maar altyd die stad van baie se drome wees! 'n Mens moet hierdie stad belééf. Dit is 'n pragtige stad met majestueuse barokpaleise, skitterende beeldegroepe en weelderige tuine. Die atmosfeer in Wene is heeltemal anders as in ander wêreldstede soos Parys en Londen. Die pragtige groen parke verleen 'n heerlike, rustige atmosfeer aan die stad. Geen wonder nie dat daar ook fiakers rondry – perdekoetse waarvan toeriste gebruik kan maak om die stad rustig en deeglik te bekijk. 'n Mens ervaar dat kuns en kultuur in hierdie stad met 'n hoofletter 'K' geskryf behoort te word.

Wo 20 WENE

Ons vertrek na ontbyt op 'n begeleide besigtigingstoer van hierdie besondere stad wat as een van Europa se mooiste hoofstede beskou word. Die stad het 'n wye verskeidenheid argitektuurstyle wat van Romaans, Goties, Barok en Renaissance tot Modern wissel.

Ons besoek onder andere die imposante Stephansdom met die helderkleurige dakteëls en ry in die Ringstrasse waar indrukwekkende geboue soos die Weense Staatsopera, Paleis van Justisie, Parlementsgebou, Stadsaal en die statige Hofburg-kompleks te sien is.

Daarna is ons vry om Wene op ons eie of in groepies te verken. 'n Mens kan een van die baie openbare parke, soos die Burggarten besoek. In dié park met sierlike bome, plante en romantiese spuitfonteine, kan 'n mens o.a. die Mozart-monument met taferele, wat tonele uit Don Giovanni uitbeeld, asook standbeelde van Franz Josef en keiserin Maria Theresa sien. Net buite die park pronk 'n standbeeld van die digter, Goethe. 'n Ander besondere park is die Stadtpark waar die bekende vergulde standbeeld van Johann Strauss aan hierdie wonderseun van Wene erkenning gee. Die voetgangerslaan is 'n gewilde inkopieparadys.

Vanaand geniet ons 'n luukse aandete in die draaiende restaurant van die Donautoring, wat 'n ongelooflike uitsig oor Wene bied.

Do 21 WENE

Vanmôre besoek ons die **Schönbrunn-paleis**. Dié sprokiespaleis was oorspronklik bedoel om Versailles in Parys heeltemal in die skadu te stel, maar weens bepaalde omstandighede moes die keiser tevrede wees met 'n paleis van veel meer beskeie voorkoms. Die geelkleurige uiterlike van die paleis is nie so imponerend soos Versailles nie, maar die interieur is in teenstelling daarmee 'n kuns- en kultuurhistoriese monument. Gelukkig is die paleis nooit beroof of verniel nie en sien 'n mens ongelooflike weelde in die 44 pronkkamers wat besoek word. In die Wagenburg naby die paleis, waar luukse staatsrytuie en sleë vertoon word, word eweveel keiserlike weelde aangetref.

Na ons besoek aan Schönbrunn reis ons per bus na 'n gedeelte van die **Wienerwald** (Weense Woude) – by uitnemendheid 'n ontspanningsgebied vir die Weners, veral oor naweke wanneer hulle heerlik in die natuur ontspan. Die gebied beslaan 500 vk km en word deur die Donau- en Triesting-riviere begrens. Dit is 'n beskermde natuurgebied waarvan ons so 'n klein kykie kry.

Ons eet vanaand vroeg aangesien ons 'n Mozart- en Strauss-musiekkonsert in die beroemde Hofburg-teater bywoon – 'n belewenis wat 'n mens nooit vergeet nie!

Vr 22 WENE – SALZBURG

Vanoggend vertrek ons via die **Wachau-gebied** na **Salzburg**. Die Wachau is 'n deel van die Donau-vallei wat vir ongeveer 31 km van Melk tot by Krems strek. Dorpies en stadjies met ou kastele en ruïnes, omring deur appelkoosboorde en neutboomlane, is kenmerkend van dié streek.

Ons ry verby die indrukwekkende klooster by **Melk**, wat tussen 1702 en 1738 in meesterlike Barokstyl op 'n heuwel bo die Donau gebou is.

Ons vertoef by **Steyr** – seker dié bes bewaarde Middeleeuse dorpie in Oostenryk. Dit is in hierdie bekoorlike omgewing waar Frans Schubert sy bekende Forellekwintet geskryf en waar Anton Bruckman orrelis was.

Voort na **Salzburg**, een van Oostenryk se mooiste stede. Die stad is pragtig geleë tussen twee heuwels – die Mönchs-berg en die Kapuziner-berg. Beide heuwels bied 'n panoramiese uitsig oor die Salzach-rivier, wat dwarsdeur die stad stroom. Die Salzach deel Salzburg in twee: die ou en die nuwe stad.

Sa 23 SALZBURG

Vandag verkeer ons rustig in **Salzburg** om hierdie pragtige Mozart-stad te verken. Dis o.a. ook die stad waar die Von Trapp-gesin van *Sound of Music*-faam gewoon het. Gewapen met 'n beskrywende roetekaart, onderneem ons te voet 'n "stadstoer". Hoogtepunte sluit die Mirabell-tuine, atmosfeer-ryke Getreidegasse en indrukwekkende Domkerk in. Ons maak 'n draai by die vrugtemark en daar is genoeg tyd om op u eie Mozart se geboorte- en/of woonhuis(e) te besoek.

'n Mens kan ook die Kasteel of vesting Hohensalzburg, wat oor die stad uittoon, besoek. Dit is die grootste Middeleeuse kasteel in Europa wat ten volle bewaar gebly het. Toerlede kan dit (opsioneel) binne 5 minute per tandratspoor bereik. Behalwe dat jy dan die kasteel van nader kan bekyk, bied dit 'n asemrowende uitsig oor die hele stad.

Salzburg is 'n inkopieparadys waar heerlike en unieke aandenkings gekoop kan word.

Vanaand of môre-aand het u die (opsionele) geleentheid om een van die talle Mozart- of ander konserte, soos byvoorbeeld 'n marionette-vertoning by die bekende *Marionettentheater* by te woon.

So 24 SALZBURG – SALZKAMMERGUT

Vandag ry ons 'n pragtige roete deur die **Salzkammergut**. Dit is Oostenryk se belangrikste vakansie- en ontspanningsarea wat deur keiser Franz Josef as 'n "aardse paradys" beskryf is. Onbeskryflike natuurskoon ontvou voor die oog: skitterende panoramas van bergtoppe wat soms nog met sneeu bedek is, groen berghange, uitgestrekte woude, diepblou mere met kleurryke seilbootjies daarop en sprokiesmooi dorpie uitgesprei teen die hange van die berge en in die valleie.

Ons besoek Hallstatt, 'n verruklike klein dorpie tussen berg en meer. Tot ongeveer 100 jaar gelede kon die dorpie slegs per boot of trekdier bereik word. Hallstatt is deur UNESCO as 'n wêrelderfenisgebied verklaar.

'n Besoek aan die prentjiemooi stadjie, St Wolfgang, een van die gewildste vakansieoorde aan die Wolfgang-meer, is altyd die moeite werd. Hier kry 'n mens ook talle stalletjies waar aandenkings te kies en te keur is. Ons keer terug na Salzburg vir aandete en oornag.

Ma 25 SALZBURG – BERCHTESGADEN – OBERAMMERGAU

'n Opwindende dag wag op ons wanneer ons vanmôre die grens na Beiere (Duitsland) oorsteek om deur die skilderagtige **Berchtesgadenerland** te ry, ten einde een van die pragtigste bergpasse van Europa aan te durf. Op 'n sekere punt moet ons oorklim in 'n spesiale bus om die smal kronkelweg tot op die 2 500 m hoë kruin van Kehlstein te volg, waar Hitler se beroemde *Kehlsteinhaus* of te wel 'Arendsnes' gebou is.

Die pad daarheen het besondere ingenieursvernuif geverg. Die laaste honderd meter is toentertyd met 'n hyser afgelê. Ons sal dit ook doen. Van die oomblik dat jy hier by die eindbestemming kom, staan jy gefassineerd by aanskoue van die ongelooflike, omringende natuurskoon sover die oog kan sien!

Deesdae is die huis 'n restaurant. Dit het 'n kolossale groot venster wat 'n skitterende uitsig oor die Beierse (Duitse) en Oostenrykse Alpe bied. Vanaf die restaurant kan 'n mens nóg 'n entjie die berg uitklim om die wêreld rondom jou te bekyk. Woorde ontbreek om hierdie gesig te beskryf.

Ons reis verder met 'n pragtige roete na die omgewing van Oberammergau waar ons in een van die naburige dorpie tuisgaan ten einde die tienjaarlikse Passiespel in Oberammergau by te woon.

Di 26 OBERAMMERGAU

Ná ontbyt ry ons na **Oberammergau**. Hierdie eg-Beierse dorpie is wêreldberoemd nie net weens die Passiespel nie, maar ook as gevolg van die pragtige muurskilderye, ongelooflike houtsnewerk en blommeprag wat hier voorkom. Oberammergau is ook 'n gewilde wintersport- en kuuroord.

Vanoggend is daar tyd om in hierdie bekoorlike dorpie te stap en aandenkings te koop voordat die hoogtepunt van ons toer aanbreek: Die aangrypende **Passiespel** wat om 14:30 begin. Aandete word tydens pouse bedien. Die tweede toneel begin om 20:00 en duur tot 22:30. (Onthou om iets warm saam te neem indien dit sou koel word en om 'n klein flitsliggie byderhand te hou!)

Ons oornag weer in die omgewing.

Wo 27 OBERAMMERGAU – NEUSCHWANSTEIN – MÜNCHEN

Ná ontbyt ry ons na Füssen, die omgewing van **Neuschwanstein**, om die sprokieskasteel van Ludwig II, vanaf 'n mooi uitkykpunt te bewonder. Die bus-/perdekarril na die kasteel is opsioneel – 'n mens kan ook met 'n steil opdraande na die kasteel stap of opwaarts ry en terugstap. Vanaf die ou brug langs die roete het 'n mens 'n manjifieke uitsig op die kasteel en lieflike omgewing.

Daarna voort na München, vanwaar ons om **19:00** met **Vlug LH 119** na **Frankfurt** vertrek. **Vlug LH 572** neem ons om **22:05** terug na **Johannesburg**.

Do 28 JOHANNESBURG

Aankoms om **08:30** op die **O.R. Tambo-lughawe** in **Johannesburg** ná 'n onvergeetlike reis- en lewenservaring.